



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

PhD Kurrikulum en Instruksionele Ontwerp en Ontwikkeling (09261561)

Duur van studie 2 jaar

Totale krediete 360

Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies kan 'n student wat oor 'n MEd-grad beskik of 'n ander kwalifikasie wat deur die Dekaan as gelykstaande hieraan beskou word tot die PhD-gradstudie in Opvoedkunde toegelaat word.
- 'n Minimum van 60% behaal in die magisterverhandeling is 'n voorvereiste vir toelating.

Navorsing

'n Student vir die PhD-grad moet:

- tydens die eerste jaar van registrasie 'n navorsingsvoorstel indien en suksesvol verdedig voor 'n eksamineringspaneel wat deur die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, promotor en navorsingskoördineerder aangewys word, alvorens daar met die navorsing 'n aanvang geneem kan word;
- by die departementshoof en Etekkomitee om etiese klaring aansoek doen en slegs met veldwerk begin wanneer die aansoek om etiese klaring deur die Etekkomitee goedgekeur is;
- jaarliks 'n vorderingsverslag oor die navorsing aan die promotor voorlê. Voortgesette herregistrasie is onderworpe aan bevredigende jaarlikse vordering;
- alle navorsingskapasiteitsontwikkelingsessies oor kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing op doktorale vlak bywoon;
- 'n proefskrif vir eksaminering voorlê wat handel oor 'n onderwerp wat deur die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof goedgekeur is, en haar/sy proefskrif tydens 'n mondelinge eksamen suksesvol verdedig;
- 'n bewys uitgereik deur 'n geakkrediteerde joernaal ten opsigte van 'n konsepartikel indien. Die bewys en 'n kopië van die konsepartikel moet voor 15 Februarie vir die Herfspromosieplegtighede en voor 15 Julie vir die Lentepromosieplegtighede by die Studenteadministrasie ingedien word, by gebreke waarvan die grad eers by 'n daaropvolgende reeks plegtighede toegeken sal word;
- Benewens die bogenoemde eksemplare van die proefskrif, moet elke suksesvolle student een gebinde papier-eksemplaar en twee elektroniese kopieë van die goedgekeurde proefskrif by die Hoof: Studenteadministrasie indien in die formaat soos deur die Fakulteit gespesifiseer en in ooreenstemming met die minimum spesifikasies wat deur die departement Biblioteekdienste gestel is, voor 15 Februarie vir die Herfspromosieplegtighede en voor 15 Julie vir die Lentepromosieplegtighede by gebreke waarvan die grad nie toegeken sal word nie. Die spesifikasie is beskikbaar by:
<http://upetd.up.ac.za/authors/publish/standards.htm#specs>.

Algemene riglyne vir die formaat, indiening en verdediging van die navorsingsvoorstel sal deur die betrokke



departementshoof beskikbaar gestel word.



Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Kurrikulum en instruksionele ontwerp en ontwikkeling 990 (CDV 990)

Modulekrediete 360.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar



Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Kurrikulum en instruksionele ontwerp en ontwikkeling 990 (CDV 990)

Modulekrediete 360.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.